# Laerskool Fochville

# TAALBELEID

# LAERSKOOL FOCHVILLE BEHEERLIGGAAM

SEWENDESTRAAT 22
POSBUS 50
Fochville
2515

E-Pos: lsfhoof@lantic.net
Tel: 018 – 771 2039
Faks: 018 – 771 2030

## BELEIDSAANVAARDING
## TAALBELEID

Maart 2024

| | NAME AND SURNAME | SIGNATURE |
|---|---|---|
| 1. | Combrinck Elmarie | |
| 2. | De Wet Liezl | |
| 3. | Dippenaar Ursula | |
| 4. | Du Toit Juan | |
| 5. | Harman Maroné | |
| 6. | Lamprecht Dewald | |
| 7. | Nel Dawie | |
| 8. | Nel Elanie | |
| 9. | Peterson Anthony | |
| 10. | Smit Ryan | |
| 11. | Visagie Jasel JACEL | |

Waar u kind se toekoms tel

## 1. Aanhef

Hierdie dokument is die taalbeleid van Laerskool Fochville en is vanaf 23 April 2018 deur die Skoolbeheerliggaam goedgekeur. Die 2024 Beheerliggaam het dit hersien en aanvaar.

Suid-Afrika is 'n land met 'n verskeidenheid kulture en tale. Ter erkenning hiervan moet die klem van enige taalbeleid val op die bevordering van meertaligheid, die ontwikkeling van die amptelike tale en 'n respek vir alle tale wat in die land gebruik word, insluitend Suid-Afrikaanse Gebaretaal en die tale waarna in die Suid-Afrikaanse Grondwet verwys word.

Hierdie beleid poog om ons diverse kulture en tale te beskerm en te bevorder en die regte van alle leerders, ouers en opvoeders te handhaaf, en hul aanvaarding van verantwoordelikheid te bevorder in die fasilitering van die onderliggende beginsels wat die volgende is:

- Die handhawing van die huistaal/s terwyl toegang tot en die effektiewe verwerwing van addisionele taal(e) verskaf word, in ooreenstemming met die Departement se standpunt dat 'n additiewe benadering tot tweetaligheid gesien moet word as die normale oriëntasie van ons taal-in-onderwysbeleid.

- Die reg om die taal van leer en onderrig te kies, berus by die individu. Hierdie reg moet egter uitgeoefen word binne die oorkoepelende raamwerk van die verpligting op die onderwysstelsel om meertaligheid te bevorder.

- Geen vorm van rassediskriminasie mag toegepas word in die implementering van beleid wat ingevolge hierdie afdeling bepaal word nie.

- 'n Erkende Gebaretaal het die status van 'n amptelike taal vir doeleindes van leer by 'n openbare skool.

- Die beheerliggaam van 'n openbare skool kan die taalbeleid van die skool onderworpe aan die Grondwet en enige toepaslike provinsiale wet bepaal.

## 2. Doel van die beleid

- Om alle amptelike tale te bevorder en te ontwikkel.
- Om meertaligheid as 'n benadering tot taal in die onderwys te vestig.
- Om 'n Taal van Leer en Onderrig (LoLT) asook die goedgekeurde taal/s wat aan leerders by die skool aangebied gaan word, te identifiseer en te bepaal.
- Om te verseker dat geen vorm van diskriminasie op grond van taal plaasvind nie.

## 3. Toepassing van die beleid

- Die taalbeleid is van toepassing op alle leerders en opvoeders en dek die Taal van Leer en Onderrig en Taal as vak.

## 4. Wetgewende Raamwerk

Die taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van:

- ✓ die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,
- ✓ Wet 108 van 1996;
- ✓ die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet');
- ✓ die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996;
- ✓ toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys;
- ✓ regspraak van Suid-Afrikaanse howe;
- ✓ die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders;
- ✓ die "African Charter on the Rights and Welfare of Children";
- ✓ die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997)
- ✓ die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

## 5. Akronieme/Definisies

| Akronieme | Verduideliking |
|---|---|
| LoLT(_Taal van Leer en Onderrig) | Verwys na die goedgekeurde taal wat as onderrigmedium in die skool gebruik sal word en moet 'n amptelike taal met 'n geldige sillabus op Tuis- of Eerste Addisionele Taalvlak wees. |
| HL | Huistaal |
| FAL | Eerste Addisionele Taal |

| Term | Definisie |
|---|---|
| Veeltaligheid | Die vermoë om verskillende tale te gebruik |
| Huistaal | 'n Voorkeur- of eerste taal van keuse wat 'n leerder vir leer- en onderrigdoeleindes mag aanbied |
| Eerste Addisionele Taal. | 'n Alternatief of 'n addisionele taal vir Huistaal wat 'n leerder vir leer- en onderrigdoeleindes mag aanbied |

## 6. Faktore in ag geneem

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

- Die belange van die leerders.
- Die belange van die skoolgemeenskap.
- Die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is.
- Die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik.
- Internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes (verwys na die Toelatingsbeleid) en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig.
- Die skool erken die diversiteit van kulture en tale in ons land in ag geneem die deeglike ontwikkeling van 'n kind se taalvaardigeheid wat 'n betroubare voorspeller van toekomstige kognitiewe vaardigehede is.

## 7. Onderrig en eksaminering

a. Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens geskied in die taal van onderrig van die skool, soos genoem LOLT (Afrikaans). Laerskool Fochville is 'n enkel medium skool.

b. Op grond van die keuses wat die ouerbevolking van die skool maak en dat die skool enkelmedium is, is die taal van leer en onderrig by die skool Afrikaans.

## 8. Tale as vakke

a. Op grond van die keuses wat die ouerbevolking maak, sal die skool die volgende amptelike taal as addisionele taal aanbied: Engels
b. Die skool bied nie 'n vreemde taal aan nie.
c. Waar moontlik, sal alle tale billike tyd en hulpbronne ontvang.
Die taal van onderrig is Afrikaans van graad R tot graad 7.

## TAAL DEUR SKOOLTIPE: LAERSKOOL FOCHVILLE

In alle fases sal die skool ten minste twee amptelike tale bied, op voorwaarde dat een van die tale as amptelike taal verwys na Huistaal (HL) en 'n ander as Eerste Addisionele Taal (EAT). Een van die amptelike tale sal 'n Taal van Leer en Onderrig (LoLT) wees.

### *a. Grondslagfase (Gr. R – 3):*

By Laerskool Fochville sal alle leerders van graad R tot 3 Afrikaans as Huistaal ontvang en Engels sal aangebied word as 'n Eerste Addisionele Taal.

### *b. Intermediêre fase (Graad 4-6):*

By Laerskool Fochville sal alle leerders van graad 4 tot 6 Afrikaans as Huistaal ontvang en Engels sal aangebied word as 'n Eerste Addisionele Taal.

**c. *Senior fase (graad 7):***

By Laerskool Fochville sal alle leerders in graad 7 Afrikaans as Huistaal ontvang en Engels sal aangebied word as 'n Eerste Addisionele Taal.

**9. Bevordering van veeltaligheid**

Die bevordering van meertaligheid skep geleenthede vir leerders om toegang tot werk te kry en deel te neem aan die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die land Die skool bevorder veeltaligheid deur, benewens die onderrigtaal/onderrigtale, ook Afrikaans, Engels en as volwaardige taalvakke by die skool aan te bied.

Dit geskied soos volg:

Tale wat as volwaardige vakke aangebied word:

Enkelmediumskool:

* Afrikaans Huistaal
* Engels Eerste Addisionele Taal

Afrikaans word as Huistaal aangebied en Engels as Eerste Addisionele taal. In ooreenkoms met die Departement word Engels Huistaal en Afrikaans Eerste Addisionele taal aangebied.

**10. TAAL VAN KOMMUNIKASIE**

- ✓ Skool verslae sowel as amptelike skriftelike kommunikasie wat deur die skool uitgereik is, sal in Afrikaans wees, tensy die korrespondensie oor een van die ander tale handel.
- ✓ Artikels in die skoolnuusbrief sal geskryf word in die Afrikaans.
- ✓ Algemene ouervergaderings sal aangespreek word in Afrikaans.

**11. TAAL EN TOELATINGS**

- ✓ In gevalle waar die verlangde taal van leer en onderrig nie deur die skool aangebied word nie, kan 'n ouer besluit dat die leerder onderrig word in 'n taalmedium wat reeds deur die skool aangebied word, mits die leerder en ouer nie eis om na toelatings in die verlangde LoLT onderrig te word nie. Op aansoek om toelating sal taalkeuses na verwagting gemaak word.
- ✓ Die keuse in onderrigtaal moet aangedui word wanneer die leerder aansoek doen om toelating tot die skool.

Elke opvoeder by die skool doen redelike stappe om leerders oor die belang van veeltaligheid in te lig en om respek vir ander tale buiten die huistaal en/of onderrig-taal te bevorder.

# BELEID GOEDKEURING

Hierdie **TAAL BELEID** is deur die Beheerliggaam van Laerskool Fochville goedgekeur tydens die Beheerliggaam vergadering van ___/___/2024.

R. J. du Toit

**VOORSITTER VAN DIE BEHEERLIGGAAM** — **Handtekening**

Datum: 30/07/2024

U. Dippenaar

**SKOOLHOOF** — **Handtekening**

Datum: 30/7/2024

M. Bhona

**DISTRIKVERTEENWOORDIGER** — **Handtekening**

Datum: 8/8/2024

**KRINGBESTUURDER: MNR. E. DITSI** — **Handtekening**

Datum: 17/09/2024

**DISTRIK DIREKTEUR: MNR. V. RAJUILE** — **Handtekening**

Datum: 19/09/2024

# Datum van volgende hersiening:

## HERSIENING GESKIEDENIS:

| Soos gewysig op: (Spesifiseer datums) |
| --- |
| • |
| • |
| • |

## Beleidswysiging

Die Beheerliggaam van Laerskool Fochville kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig/hersien soos wat dit nodig mag wees.